## BOEKBESPREKING.

PROF. DR. S. P. ENGELBRECHT: *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Derde hersiene en vermeerder uitgawe. Kaapstad—Pretoria, 1953. 393 bladsye (met register). Prys geb. 27s. 6d. Posvry 28s. 6.

Sedert die eerste uitgawe van hierdie werk, onderskeidelik in 1920 en 1925, het die tweede uitgawe in 1936 gevolg, terwyl die derde, hersiene en vermeerderde uitgawe sojuis die lig gesien het.

Hierdie omstandigheid moet die skrywer ongetwyfeld met 'n gevoel van dankbaarheid vervul. Een van sy motiewe wat hom beweeg het om die geskiedenis van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika te boek te stel, was om in 'n leemte te voorsien. Voordat sy werk vir die eerste keer verskyn het, was daar slegs brokstukke in verband met die geskiedenis van die Kerk aanwesig. Hierdie brokstukke was verder nog versprei in almtnakke en in die vorm van kleiner publikasies. Hulle kon wel as nuttige voorstudies beskou word, maar ongetwyfeld het baie belangstellendes, binne en buite die geledere van die Ned. Hervormde Kerk, na die verskyning van 'n omvattende studie uitgesien.

In 1920 en 1925 het die skrywer die eerste vrugte van sy werk laat verskyn om in die loop van die volgende jare, sover hy die tyd

daarvoor gevind het, verdere boustowwe te soek. Sodoende kon die tweede uitgawe wat in 1936 verskyn het, in baie opsigte nie alleen 'n hersiening, maar tewens 'n uitbreiding en 'n verbetering op sy voorganger word.

Met betrekking tot die jongste uitgawe geld dit nog in 'n meerdere mate. Daar is talryke bewyse dat die skrywer hom bly beywer het om nog altyd meer boustowwe te versamel en dat sy onderwerp hom steeds bly boei het. In verspreide jaargange van die Kerk se Almanak het aanvullende studies van groter of kleiner omvang verskyn. Dan kan die leser 'n groot aantal bydraes in die jaargange van die „Hervormde Teologiese Studies" van die hand van die skrywer aantref waarin diverse aspekte nader belig is en tenslotte het die skrywer nog 'n aantal afsonderlike studies oor verskillende gemeentes van die Kerk saamgestel. Aan die hand van talryke afbeeldings kan die geskiedenis van die Kerk in die Plateatlas van prof. Engelbrecht bestudeer word.

Ons wil hier ook melding maak van sy studie „Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu" (Kaapstad-Pretoria, 1952).

Al hierdie publikasies en dié wat nie vermeld is nie, toon duidelik aan dat die skrywer 'n groot deel van sy lewe gewy het aan die bestudering van alles wat met die geskiedenis van ons Kerk in verband staan en dat hy vir al hierdie werk allereers die welgemeende dank verdien van almal wat in die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika belangstel.

'n Aantal verbeterings in verband met die vorige uitgawes dien vermeld te word. Dit geld allereers die eerste hoofstuk: *Die Hervormde Kerk van Nederland* (bls. 1—18) waarin die skrywer 'n oorsig van die Kerk van Nederland vanaf Willebrord tot die huidige dag gee. Tydens die Kerkhervorming is die religie van daardie Kerk gereformeer, die godsdiens hervorm (pag. 7). Dit is hierdie hervormde Kerk wat deur Jan van Riebeeck en die syne op Suid-Afrikaanse grond oorgeplant is.

Voordat die skrywer tot die behandeling van die Kerk in die Kaapkolonie tot aan die Groot Trek (hoofstuk II, bls. 19 e.v.) oorgaan, skets hy die ontwikkelingsgang van die Hervormde Kerk van Nederland tot hede.

Ons juig die inlassing van hierdie hoofstuk toe, ookal omdat die bande tussen die Ned. Hervormde Kerk van Afrika en die Hervormde Kerk van Nederland vandag besonder heg en sterk is, sodat lesers tans in die geleentheid gestel word om die geskiedenis van daardie Kerk na te gaan. Onder die geraadpleegde bronne is o.m. die bekende werk van dr. J. Reitsma genoem waarin meer besonderhede in hierdie verband staan, terwyl ds. H. C. Touw se „Het verzet der Hervormde Kerk" baie gegewens in verband met die stryd van die Hervormde

Kerk in Nederland tydens die jongste oorlog teen die besetters verstrek.

Die laaste hoofstuk in die jongste uitgawe is gewy aan die jare 1902—1952, sulks met betrekking tot die vernaamste punte in die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika tydens die genoemde tydperk, waarin o.m. gegewens in verband met die kerklike periodieke, die opleiding, die Ruysch van Dugteren-saak, die begin van die sendingswerk, die stigting van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (1940), die eeufeeste van diverse gemeentes (waaronder Potchefstroom), die totstandkoming van die nuwe kerkwet en die toetreding tot die Wêreldraad van Kerke vermeld is. Dit eindig met 'n beskouing oor die karakter van die Kerk.

Dit spreek vanself dat hierdie hoofstuk, namate die tyd vorder, vir uitbreiding vatbaar is. In die voorlopige behoeftes het die skrywer egter voorsien, terwyl die belangstellende leser verdere besonderhede oor hierdie tydperk in die diverse jaargange van die Kerkalmanak en afsonderlike publikasies kan aantref. In hierdie verband wys ons slegs op die publikasie van die hand van die skrywer en ds. J. G. M. Dreyer in verband met die eeufees-toesprake gehou in Potchefstroom in verband met die herdenking van die eeufees van die Ned. Hervormde gemeente aldaar.

Ook in ander opsigte is die jongste uitgawe 'n verbetering op sy onmiddellike voorganger van 1936. Dit betref allereers die dokumentasie, 'n bewys dat die skrywer alles in sy vermoë gedoen het om sy hoeveelheid bronnemateriaal te vergroot.

Terwyl die aantal bladsye van die tweede uitgawe ruim 400 was, tel die derde uitgawe 393 bladsye. Oënskynlik is die omvang van die jongste uitgawe kleiner, maar die bladspieël is aanmerklik groter, terwyl die druk kleiner is. Op hierdie wyse was dit moontlik om, met die tweede uitgawe as 'n leidraad, ongeveer 120 bladsye meer af te druk. Daaruit blyk die dieper betekenis van die vermelding „vermeerderde uitgawe" duidelik.

Mag die derde uitgawe van die „Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk", soos sy voorganger, sy weg vind. Die jongste uitgawe bewys ten volle dat dit in 'n behoefte voldoen. Behalwe aan die skrywer vir sy onvermoeide werkkrag, 'n woord van dank aan die uitgewers. Hulle het die boek wat die wyse van druk en die omslag betref, op uitstekende wyse uitgvoer en terselfdertyd daarin geslaag om die prys op so'n peil te hou dat dit binne die bereik van elke belangstellende lê.

J. PLOEGER.